Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Hoofdirektoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanning en Gespesialiseerde-Onderwys
(Nasionale Skoolvoedingsprogram)

Verwysing: 20191206-2544
Lêerno.: 12/2/8/23
Navrae: L Sopotela

Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) - minuut: 0001/2020

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Kringbestuurders, NSVP-distrikskoördineerders/Skakelbeamptes, Prinsipale van gewone openbare skole wat by die NSVP baat vind en Voorsitters van beheerliggame wie se leerders voordeel uit die program trek

Onderwerp: Dringende prosedures wat gevolg moet word deur NSVP-distriksamptenare en prinsipale van gewone openbare skole wat onder die NSVP val

1. Die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) is 'n regeringsprogram om armoede te verlig, en is veral ingestel om die regte van kinders op basiese voedsel en onderwys te handhaaf.

2. Die NSVP word befonds deur 'n voorwaardelike toelae wat van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ontvang word. Hierdie toelae se raamwerk word in die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2019 (Wet 16 van 2019) uitgestippel.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartment (WKOD) is verbind tot die verskaffing van voedsame maaltye aan leerders uit teikengroepe in armer gemeenskappe sodat hulle lewens op elke moontlike wyse verbeter kan word.

4. Die doel van hierdie minuut is om alle rolspelers (distriksdirekteurs, kringbestuurders, NSVP-distrikskoördineerders/skakelbeamptes, lede van beheerliggame, prinsipale, NSVP-skoolkoördineerders en vrywillige voedselbewerkers) in te lig dat 'n interne oudit aanbeveel het dat sekere prosedures dringend deur NSVP-distriksamptenare en prinsipale gevolg moet word sodat die NSVP op 'n doeltreffender wyse bestuur kan word.

5. Die jongste oudit wat by skole uitgevoer is, het die volgende kwessies vir dringende aandag beklemtoon:

a) Distrikskoördineerders en skakelbeamptes moet toesien dat daar aan die vereistes voldoen word, en hulle is verantwoordelik en aanspreeklik daarvoor.
b) Wanneer toepaslike dokumentasie vereis word maar nie voorgelê word nie, moet die provinsiale adjunk-hoofonderwyskundige ondersoek instel na die dokumente voordat die kwartaalverslag vir die DBO opgestel word.

6. Die volgende kwessies wat nie op skoolvlak nagekom is nie, is deur die oudit by 'n aantal skole geïdentifiseer:
   a) Die spyskaart vir die maaltye is nie gebruik nie.
   b) Daar is nie voldoen aan die voorgeskrewe inhoud en hoeveelhede nie.
   c) Leerders het nie hulle maaltye teen 08:00 ontvang nie.
   d) Voorraadmoniteringsvorms, voedingsregisters en bywoningsregisters van vrywillige voedselbewerkers is nie ingedien nie.

7. Distriksamptenare moet aan die volgende regstellende maatstawwe voldoen om die kwessies wat nie nagekom is nie, soos in afdeling 6 hierbo geïdentifiseer, aan te spreek.
   a) Die NSVP se moniteringsinstrument moet gebruik word en skole wat dit nie nakom nie, moet gepenaliseer word. Om nie die voedsel op die spyskaart te verskaf nie en nie die voorgeskrewe inhoud en hoeveelhede te gebruik nie, sal die oorhoofse klassifikasie van die skool se prestasie beïnvloed.
   b) Skole wat leerders nie teen 08:00 voed nie, moet 'n brief aan die distriksdirekteur skryf waarin die uitdagings waarvoor hulle te staan kom en die redes waarom die skool nie aan die voorgeskrewe tyd kan voldoen nie, verduidelik word. Die skool moet aan die distriksdirekteur verduidelik hoe hulle beoog om ontbytprogramme by hulle skool in werking te stel. Let asseblief daarop dat dit belangrik is om te verseker dat voedingstyd nie inbreuk maak op onderrigtyd nie.
   c) Skole wat nie voorraadmoniteringsvorms, voedingsregisters en bywoningsregisters van vrywillige voedselbewerkers indien nie, moet by die adjunk-hoofonderwyskundige en kringbestuurder van die skool aangekla word sodat hulle op die saak kan ingaan en nakoming kan afdwing.

8. Die prinsipaal, as die rekenpligtige amptenaar, is verantwoordelik vir die algehele bestuur van die program by die skool (kyk afdeling 2.3 van Omsendbrief 0015/2014 van 09 April 2014).

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke rolspelers.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2020-01-09